

**Vrydag 19 Januarie**

**Skrifgedeelte: Markus 12:28-34**

**Fokusgedeelte: Markus 12:29-31;  
Heidelbergse Kategismus 34:93**

## Die indeling van die Tien Gebooie

In Vraag en Antwoord 93 word oor die indeling van die Tien Gebooie gehandel. Die feit dat in Antwoord 93 sprake is van twee tafels, sluit volgens Skrifgegewens aan by die feit dat God die gebooie op twee kliptafels aan Moses gegee het. In Antwoord 93 het die uitdrukking “twee tafels” egter die betekenis van twee dele. Dit is baie duidelik dat daar vir die doeleindes van hierdie indeling by die dubbele liefdesgebod aangesluit word, naamlik liefde tot God bo alles en liefde tot ons naaste soos onself (Mark. 12:28-34).

By hierdie indeling het ons egter nie met ’n bloot formele saak te doen nie, maar baie duidelik ook met ’n prinsipiële saak, naamlik dat ons verhouding tot God altyd prioriteit moet hê bo ons verhouding tot ons naaste. My liefde moet in die eerste plek op God gerig wees, en eers in die tweede plek op my naaste. Omgekeerd kan ons sê dat ons liefde tot ons naaste slegs tot sy reg sal kom as dit deur ons liefde tot God bepaal word. Daarom is die verskriklike agtergrond van al die haat en moorde en menseslagting tydens oorloë ten diepste die gemis aan werklike liefde en eerbied vir God.

Jesus vertel die gelykenis van die regter “wat geen eerbied vir God en geen agting vir ’n mens gehad het nie” (Luk. 18:2). In hierdie karaktertekening van die regter het ons nie ’n toevallige kombinasie nie, maar ’n aanduiding van die werklikheid. As ’n mens geen eer-bied vir God het nie, is dit in die reël ook so dat hy geen agting vir sy medemens het nie.

Natuurlik kan ’n mens aan jou gedrag teenoor jou medemens uiterlike “verstellings” of “verbeterings” aanbring om ’n beter en mooier indruk op jou medemens te maak. Dit sal egter geen blywende waarde hê nie – net so min as wat ’n mens ’n horlosie op tyd kan hou deur die wysers te verstel as die ratwerk stukkend is. Daarom sê Johannes ook dat iemand wat sê dat hy God liefhet, maar sy broer haat, ’n leuenaar is (1 Joh. 4:20). Hy stel dit verder duidelik dat ons God liefhet omdat Hy ons eerste liefgehad het (1 Joh. 4:19). Hierdie liefde van God vir ons en van ons vir Hom moet daarin geopenbaar word dat ons as gelowiges mekaar moet liefhê (1 Joh. 4:10-11, 19-20).

Alles kom dus daarop neer dat ons verhouding tot God ook ons verhouding tot ons naaste bepaal. Vanselfsprekend sal dit geopenbaar word in die wyse waarop ons die Tien Gebooie onderhou.